




Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass

TEMA



CHRISTUS IN AFRIKA

"En julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" – só beveel Jesus die apostels in Handeling 1:8. Konsentrië kring die verkondiging van die blye boodskap uit. Jerusalem is die middelpunt, daarna Judea, vervolgens Samaria, en dan... Afrika! Ja, donker Afrika het die Evangelie waarskynlik gehoor voordat ons 'verligte' Europeërs daarmee in aanraking gekom het. Die lig het in Ethiopië geskyn voordat hy in Nederland geskyn het... Is dít wat u verwag het? Wel, kyk maar hoe verloop die verbreiding van die Evangelie in die boek Handeling: die eerste paar hoofstukke speel hom af in Jerusalem, maar in hoofstuk 5:16 lees ons dat die menigte van die stede rondom Jerusalem ook hulle siekes gebring het – Judea kry dus ook deel! In hoofstuk 8:1-25 kring die boodskap vervolgens nog verder uit na Samaria (spesifiek vers 25). En dán, vanaf vers 26, vind ons die hofdienaar van Ethiopië, die ontmande wat eintlik nie in die vergadering van die Here toegelaat was nie (Deut 23:1), maar wat deur Filippus se bediening 'n lidmaat mag word van die kerk van Christus (sien Ps 68:32 en Jes 56:3). Met blydschap het hy sy weg gereis (Hand 8:39) en die eerste sendeling onder die Ethiopiërs geword. In die breë konsentrië sirkel van "die uiterste van die aarde" word Ethiopië – Afrika! – die eerste stop.

Van die hofdienaar hoor ons verder niks meer nie, maar God het sy werk in Afrika nie laat vaar nie. Waarskynlik voordat die Evangelie Wes-Europa bereik het, gebruik God ook nog daardie ander bekende Afrikaan as instrument – die kerkvader Augustinus (354-430 n.C.), gebore in Thagaste en later biskop van Hippo Regius (beide in die huidige Algerië). Augustinus was een van die mees vrugbare instrumente in die hand van God – sy teologiese denke, gebaseer op die Skrifte, kan tot vandag toe nog goed gebruik word. Een van die kragtigste Christelike teoloë was dus 'n Afrikaan! Só sien ons dat Afrika nie altyd so donker was as wat ons moontlik mag dink nie. En wat van vandag? Is Afrika vandag werklik so donker? – en dit is geen rasse-vraag nie, dit is 'n teologiese vraag! In hierdie uitgawe wil ons kyk na die werk van God in Afrika (sien die artikel van ds Kayayan en die getuienis van 'n ateïs oor wat Afrika werklik nodig het), asook na een van die mees prominente teologiese slaggate in Afrika (sien die artikel van ds Mhlanga).

Die redaksie van *Kompass* wil u ten slotte nogmaals uitnooi om in ons blad te adverteer – nie slegs kommersieel nie, maar ook persoonlik. Advertensies rakende troues, huweliksherdenkings, geboortes, ens. is meer as welkom.

Ds Erik van Alten

Jaargang 18 no 5

Mei 2009

- Franse radio-bediening in Afrika 2
- Afrika het God nodig – so sê 'n ateïs 4
- Voorspoedsteologie : hoop of wanhoop 6
- Kerknuus 9
- Wat maak 'n kerk kerk? 11
- Nie deur eie krag nie – onderhoud met Graham Power 12
- Hubby's is skadeliker as rook – die waarheid oor hubby's 14
- Reaksie "Aand in die straat" 16
- Reaksie: Wanneer stemreg stemplig word 17
- Reaksie "The Schack" 17
- Boekenuus 19

Franse RADIO-BEDIENING in AFRIKA

TEMA : Christus in Afrika



Ds Eric Kayayan


Wat 'n verrassing toe ek 'n e-pos ontvang van een van my Kongolese korrespondente in Kisangani, 'n belangrike stad in die Noordelike deel van hierdie groot Afrika-land: Elie T., 'n evangelis betrokke by die plaaslike Gereformeerde kerk, gretig om die Evangelie na die armste van die armes in sy omgewing te bring (straatkinders, prostitute, HIV-geteisterde mense...). Hy het my ingelig dat hy onlangs 'n afgevaardigde ontvang het van 'n Pigmeë-groep wat in die Ekwatoriale woud, ongeveer 350 kilometer suid van Kisangani, bly. Van hierdie Pigmeë-groep verskyn geen naam van 'n dorp of stad op enige kaart nie. Hierdie mense leef deur te jag, en ek neem aan dat hulle voorgeslagte dit ook vir duisende jare reeds gedoen het. Hierdie afgevaardigde het Elie T. versoek om aan hulle die bediening van Reformed Faith and Life (RFL) te bring... Hoe op aarde kon 'n Pigmeë-groep van ongeveer vyfhonderd mense, wat op die mees tradisionele wyse in die Ekwatoriale woude leef, van RFL se bediening te hore gekom het? Elie T. het tydens een van sy uitreikaksies aan hulle 'n bandjie

(plus 'n bandspeeler) gegee; op hierdie bandjie het hy in die plaaslike taal 'n boodskap voorberei wat deur RFL opgeneem is, en hulle is so ernstig daarvoor dat hulle 'n verteenwoordiger 350 km ver te voet stuur om hom te kom vra of hulle nog soortgelyke boodskappe kan ontvang...

As daar op hierdie planeet 'n groep mense is wat weerloos, arm en blootgestel is aan wreedheid en uitbuiting, glo ek dat die oorblywende Pigmeë van Sentraal-Afrika hierdie mense is; tot so 'n mate dat eise van volksmoord voor die VN gebring is, om nie eers die gevalle van kannibalisme teen hulle te noem nie (sommige gewapende rebelle-groepe in die ooste van die DRK glo dat om hulle vlees te eet, magiese kragte inhou...). Verdryf uit hulle tradisionele omgewing (die woud wat in hulle daaglikse behoeftes voorsien, en wat daaglik verklein as gevolg van oorontginning en die onversadigbare soeke na minerale), word hulle geforseer om nader aan die dorpe van hulle mede-Afrikane te gaan woon. Laasgenoemde misbruik hulle as slawe en vergoed hulle feitlik glad nie vir hulle arbeid nie...



Hier het u 'n kykie in die werk van die Franse radio-bediening (sien logo). Hierdie radio-bediening staan bekend onder die naam: *Foi et Vie Réformées* (Afrikaans: *Glo en Leef Gereformeerde*). Ds Eric Kayayan is die voltydse sendeling van Rietvallei Gereformeerde



gemeente (Pretoria) wat hierdie opdrag onder toesig van die Kerkraad behartig. Hierdie sendingaksie word deur 'n groep Amerikaanse Gereformeerde Kerke of kerkverbande ondersteun, wat saam 'n *Reformed Radio Administration Committee* vorm (RRAC). Die befondsing van die radio-bediening word deur hulle moontlik gemaak, asook deur donasies van Suid-Afrikaanse gemeentes of individuele lidmate.

Die primêre missie van *Foi et Vie Réformées* is om kort radio-programme (15 minute elk) te maak wat die Evangelie in Frans na die talle Franstalige mense in Afrika, in Europa of in die Wes-Indiese eilande uitdra. Die preke word in Pretoria geskryf en opgeneem en dan, in die vorm van laserskywe of oudio-kassette, na verskillende radiostasies gestuur vir uitsaaidoeleindes. *Foi et Vie Réformées* se programme word twee keer per week op kort golwe uitgesaai (9525kHz & 9710kHz),

asook per satelliet en deur plaaslike Christelike FM-stasies. Die netwerk van FM-stasies wat hierdie Christelike programme uitsaai, is stelselmatig besig om te groei (in Kameroen, Burundi, Rwanda, Mali, Demokratiese Republiek van die Kongo, ens). In Frankryk is daar ook enkele Christelike radiostasies wat gereeld dié programme op die lug plaas.

Die tekste van die preke word ook gedruk en wyd versprei na enigiemand wat daarvoor vra. Korrespondensie met jong Gereformeerde kerke of groepe in Afrika is ook

deel van die opdrag van ds Kayayan, spesifiek met die oog op die toerusting van predikante, evangeliste, ouderlinge en diakens. Waar moontlik word besoeke aan sulke jong kerke ook gereël. Gereformeerde literatuur word ook gratis gestuur na luisteraars wat daarvoor vra.

'n Webtuiste bevat baie inligting (beide in Frans en in Engels) oor die aktiwiteite en doelwitte van *Foi et Vie Réformées*: www.foi-vie.org.za. Die naam en ligging van die radiostasies wat die programme uitsaai, word ook daar gelys, terwyl die teks van

elke radiopreek daar gevind kan word en deur enigiemand in die wêreld op sy rekenaar afgelaai kan word. Elke maand besoek talle mense ons webtuiste. Uit terugvoer wat verkry is, word die preke gereeld deur onopgeleide Afrika-predikers gebruik.

Ds Eric Kayayan is sendeling van die GK Rietvallei met as opdrag die radio-bediening in Franssprekende lande, veral in Afrika.

Hieronder volg die bedieningsverklaring van *Foi et Vie Réformées*:

- om in vreugdevolle gehoorsaamheid aan die opdrag van ons Here, Jesus Christus, die goeie nuus van die Koninkryk van God aan alle nasies te verkondig en van hulle dissipels te maak (Matt 28:18-20, Hand 1:8);
- om te erken dat die Here van die kerk haar gevestig het en aan haar die ware kenmerke gegee het, naamlik die ware verkondiging van die Woord, die ware bediening van die sakramente en die ware uitoefening van die tug;
- om vas te glo dat die soewereine Drie-enige God voor die grondlegging van die wêreld 'n volk vir Homself verkies het, en dat Hy diensknegte stuur en middele gebruik om sy uitverkorenes binne sy verbond van genade te vergader (Ef 1:3-14, Jes 55:10-11, 56:3-8, Rom 10:14-18, 2 Tim 4:1-2);
- om te bely dat die mensheid in sy sonde verlore is sonder die reddende krag van Jesus Christus – die enigste Middelaar – en dat slegs die Heilige Gees die krag het om wedergeboorte in die harte van sondaars te bewerk vir 'n radikale bekering en 'n lewe van heiliging tot eer van God (Joh 3:16, Rom 8:12-17);
- om te bely dat die Bybel die Woord van God is, geïnspireer deur die Heilige Gees van God self, los van die menslike outeurs (2 Tim 3:16, 2 Petr 1:20), en dat hierdie Heilige Skrif gesagvol, normatief en genoegsaam is in alle sake van lewe en geloof.

Die bediening van *Foi et Vie Réformées* (RFL) is verder volledig daaraan toegewy:

- om die hele raad van God te verkondig in die Franse taal deur middel van radio-uitsendings, literatuur en ander geskikte middele;
- om streng die gereformeerde belydenisse aan te hang (onder andere die Franse en Nederlandse Geloofsbelydenisse, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls);
- om 'n Bybelse wêreld- en lewensbeskouing in die bediening uit te dra en 'n nie-dualistiese benadering tot die lewe te onderstreep;
- om 'n verbondsmatige benadering tot die verkondiging van God se Woord te volg.

Tema volgende Kompas:
Ek is jonk!

AFRIKA het GOD NODIG... só sê 'n ATEÏS

TEMA : Christus in Afrika

Binnekort gedenk ons weer die hemelvaart van Jesus Christus, ons Heiland, wat deur die Vader verhoog is tot 'n posisie aan sy regterhand. Paulus sê hiervan in Filippense 2:9 dat God Hom *uitermate* verhoog het; die woord wat Paulus hier gebruik, beteken letterlik dat Christus tot die hoogste posisie verhoog is. Volgens 'n ander brief van Paulus is Christus deur God verhoog "bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige" (Ef 1:21). Hoër is nie moontlik nie! Watter knie sal dan nie voor Hom buig nie? En watter tong sal nie bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader nie? (Fil 2:10) En dít is nie slegs toekomsmusiek nie; nee, vandag alreeds gebeur dit. Selfs in donker Afrika skyn die helder lig van Christus se heerlijkheid, en selfs uit die mond van dié wat Christus nie *wil* ken nie, klink die erkennig: Christus is Koning, ook in Afrika!



Ek verwys hier konkreet na 'n rubriek van **Matthew Parris**, 'n selferkende ateïs en politieke kommentator vir die Britse koerant, *The Times*. In 'n oomblik van helderheid – of miskien eerder: in 'n oomblik van ateïstiese swakheid – erken hy in een van sy rubrieke dat Afrika God nodig het. Kom ons lees wat hy skryf (aangehaal uit *Beeld*):

Voor Kersfees verlede jaar het ek ná 45 jaar teruggekeer na die land wat ek as 'n kind geken het as Njassaland. Vandag is dit Malawi. Die klein Britse welsynsorganisasie Pump Aid help plattelandse gemeenskappe daar om eenvoudige waterpompe te

installeer wat die mense in staat stel om die waterputte in hul dorpies geseël en skoon te hou. Ek het gaan kyk na dié werk. Dit het my tanende geloof in welsynsorganisasies wat ontwikkelingswerk doen, herstel.

Om in Malawi te reis, het ook 'n ander oortuiging hernieu: een wat ek my lewe lank probeer verban, maar 'n waarneming waaraan ek sedert my Afrika-kindsbeen nie kan ontkom nie. Dit stuur my ideologiese oortuigings in die war, weier hardnekkig om in te pas by my wêreldbeskouing, en is 'n verleentheid vir my groeiende oortuiging dat daar nie 'n God is nie.


Ek is 'n oortuigde ateïs. Tog het ek onder die indruk gekom van die enorme bydrae wat Christelike evangelisasie in Afrika lewer: dit is radikaal anders as die werk van sekulêre nie-regeringsorganisasies (NRO's), regeringsprojekte en internasionale hulp pogings. Sulke pogings alleen werk nie. Opvoeding en opleiding alleen werk nie. In Afrika verander die Christelike godsdiens mense se harte. Dit bring geestelike transformasie. Die wedergeboorte is werklik. Die verandering is goed.

Ek het nog altyd dié waarheid vermy deur sendingkerke se praktiese werk in Afrika te loof. Dit is jammer, sou ek sê, dat verlossing deel van die pakket is, maar swart en wit Christene wat in Afrika werk, genees wel die siekes, leer wel mense lees en skryf; en net die ongenaakbaarste sekularis kan na 'n sendinghospitaal of -skool kyk en sê die wêreld sou beter af gewees het daarsonder. Ek sou toegee dat, as geloof nodig is om sendelinge te motiveer tot hul goeie daade, dan is dit goed so – maar wat saak maak, is die hulp, nie die geloof nie.

Maar dié siening strook nie met die feite nie. Geloof doen méér as om die sendeling te ondersteun; dit word oorgedra na sy kudde. En dit is dié uitwerking wat so ontsettend saak maak, en wat ek nie kan help om raak te sien nie.

Ons het vriende gehad wat sendelinge was en as kind het ek dikwels by hulle oorgebly. Ek het ook, alleen saam met my jonger boetie, in 'n tradisionele, plattelandse Afrika-gehuggie oorgebly. In die stad het swart mense wat sterk gelowiges was, vir ons gewerk. Die Christene was altyd anders. Nie dat hul geloof sy bekeerdes onderdruk of ingeperk het nie: dit het gelyk asof hul geloof hulle bevry het.

Daar was 'n lewendigheid, 'n nuuskierigheid, 'n betrokkenheid by die wêreld – 'n openheid in hul handeling met ander – wat oënskynlik afwesig was in die tradisionele Afrika-bestaan.



'n Reis in Afrika toe ek 24 was, het dié indruk versterk: van Algerië na Niger, Nigerië, Kameroen en die Sentraal-Afrika-Republiek, en toe deur die Kongo na Rwanda, Tanzanië en Kenia, en eindelijk Nairobi, saam met vier studentevriende in ons ou Land Rover. Ons het onder die sterre geslaap. Teen die tyd dat ons die digter bevolkte en meer wettelose streke suid van die Sahara bereik het, was dit belangrik om elke dag teen skemer 'n veilige slaapplek te vind. Dikwels naby 'n sendingstasie.

Waar ons ook al 'n gebied binnegegaan het waar sendelinge gewerk het, moes ons toegee iets is anders in die gesigte van die mense wat ons teëgekome het: iets in hul oë, die direkte wyse waarop hulle ons benader het, sonder om af of weg te kyk. Hulle het nie eerbiediger geword teenoor vreemdelinge nie – in sekere opsigte eintlik minder so – maar hulle was oper.

Hierdie keer in Malawi was dit dieselfde. Ek het geen sendelinge ontmoet nie. Maar ek het opgelet dat 'n handjievol van die indrukwekkendste swart lede van die Pump Aid-span (oorwegend van Zimbabwe) in hulle privaat lewens sterk Christene is.

"In hulle privaat lewens", omdat dié welsynsorganisasie volkome sekulêr is en ek nooit gehoor het dat enige lid van die span soveel as verwys na godsdiens tydens hul werk in die dorpie nie. Maar ek het die Christelike verwysings opgemerk in ons gesprekke. Een, het ek raakgesien, het 'n gewyde boek in die kar bestudeer. 'n Ander het op 'n Sondag teen dagbreek kerk toe gegaan vir 'n twee uur lange diens. Dit sal my pas om te glo hul eerlikheid, nougesetheid en optimisme in hul werk het niks te doen met hul persoonlike geloof nie. Hul werk is sekulêr, maar word tog sekerlik beïnvloed deur wat hulle is. En wat hulle is, is weer beïnvloed deur 'n denkbeeld oor die mens se plek in die heelal – 'n opvatting wat deur die Christelike geloof geleer is.

Daar is lank al 'n mode onder Westerse akademiese sosioloë om stamgebonde waardestelsels agter 'n ringmuur in te hok, as iets wat immuun is teen ontledings gegrond op ons eie kultuur: "hulle s'n" en daarom die beste vir "hulle"; outentiek en van intrinsiek gelyke waarde aan ons s'n. Dié benadering is vir my duister. Ek sien tog dat stamdenke niks meer vredeliewend is as ons s'n nie en dat dit individualiteit onderdruk. Mense dink kollektief: eerste wat betref die gemeenskap, die uitgebreide familie en die stam. Dié plattelandstradisionele ingesteldheid voed die "sterkman-" en boewe-politiek van die Afrika-stad: die oordrewe respek vir 'n windmaker leier, en die (letterlike) onvermoë om die hele idee van lojale opposisie te verstaan.

Angs – die vrees vir bese geeste, vir voorvaders, vir die natuur en die wildernis, vir die stamhiërargie, vir alledaagse goed – tref diep in die ganse struktuur van die Afrika-platteland se denke. Elke mens het sy plek en – noem dit vrees of noem dit respek – 'n reuse-las vergruis die individuele gees en demp nuuskierigheid. Mense neem nie die inisiatief nie, neem nie dinge in hul eie hande of op hul eie skouers nie.

Hoe kan ek, as iemand met 'n voet in albei kampe, dit verduidelik? Wanneer die filosofiese toeris beweeg van een wêreldbeskouing na 'n ander vind hy – op die juiste moment wat hy die nuwe binnegaan – dat die taal om die landskap van die oue te beskryf, hom ontglim. 'n Voorbeeld: die antwoord wat sir Edmund Hillary gegee het op die vraag: Waarom die berg klim? "Want dit is daar," het hy gesê. Vir die landelike Afrika-gemoed is dié 'n verduideliking van waarom 'n mens nie die berg sal klim nie. Dit is... wel, daar. Net daar. Hoekom inmeng? Daar is niks wat 'n mens daaraan kan doen nie. Of daarmee nie. Hillary se verdere verduideliking – dat niemand

anders dit geklim het nie – sal vir hulle 'n tweede rede vir passiwiteit wees.

Die Christelike geloof, ná die Hervorming en ná Luther, met sy leer van 'n direkte, persoonlike, tweerigting-band tussen die individu en God, onbemiddel deur die kollektief en nie onderworpe aan enige ander mens nie, slaan 'n bres regdeur die filosofies/spirituele raamwerk wat ek pas beskryf het. Dit bied iets om aan vas te hou vir hulle wat bang is om die belemmerende stamgroepdenke af te skud. Dit is waarom en hoe dit bevry.

Diegene wat wil hê Afrika moet sy bors uitstoot te midde van 21ste-eeuse internasionale mededinging, moet hulself nie wysmaak die verandering sal kom deur die verskaffing van die materiële hulpmiddele of selfs die kundigheid wat gepaardgaan met wat ons "ontwikkeling" noem nie. 'n Ganse denkwysie moet eers vervang word.

En ek is bevrees dit moet vervang word deur 'n ander. Om Christelike evangelisering uit die Afrika-vergelyking te haal, kan die vasteland oorlewer aan die genade van 'n kwaadaardige vermenging van Nike, die toordokter, die selfoon en die panga.

Indrukwekkend! Die ateïs sê: Afrika kan nie sonder God en die Christelike geloof nie. As selfs die ateïs dit sê, dan mag ons – Christene! – nie neerhalend na Afrika kyk as die kontinent sonder hoop nie. Dan moet ons – inwoners van Afrika! – alles in werking stel om aan hierdie kontinent die lig van die Evangelie te bring. Nie soseer omdat die ateïs so sê nie, maar omdat die liefde van Christus ons dring, en omdat ons daardie liefde eerstehands ken.

Ds Erik van Alten is predikant van die Vrye Gereformeerde kerk Pretoria-Maranata.

VOORSPOEDSTEOLOGIE – hoop of wanhoop?

TEMA : Christus in Afrika

Een van die profete staan op om die profesie, wat hy blykbaar van God ontvang het, aan sy luisteraars oor te dra: "Môre sal vir julle beter wees as vandag. In 2007 sal julle jul plek vind. Vroue sal hul eggenote vind, baie van julle sal nuwe motors koop en die onvrugbares sal tweeling baar... Daar is baie moordenaars van drome rondom julle, moenie toelaat dat hulle jul drome doodmaak nie."


'n Ander beweer: "Baie is onbewus van die feit dat God reeds voorsiening gemaak het vir Sy kinders om ryk te wees hier op aarde. Wanneer ek sê ryk, bedoel ek baie, baie ryk... Breek los! Dit is nie 'n sonde om ryk te wil wees nie!"

Sulke boodskappe en vele meer het algemeen geword op die Afrikaanse kontinent. 'n Kontinent wat in die verlede bekend was vir sy Bevrydingsteologie word in toenemende mate die speelveld van die Voorspoedsteologie. Baie kyk nie meer na die

Weste om die boodskap gepredik te laat word nie; dit gebeur in die kerkbanke waar hulle sit, Sondag na Sondag.

Soos wat vele die hoop gesien het in die Bevrydingsteologie, is daar vele wat begin om hul hoop te vestig op die Voorspoedsteologie. Vir sommige het die Voorspoedsteologie die manier waarop die

mense in Afrika na hulself kyk, verander. Dit het aan hulle 'n nuwe besef van waardigheid, 'n geloof dat hulle ook iets kan bereik, gegee. Vandaar dat krete soos: 'Onkeerbare Presteerder', 'Met Jesus sal ek altyd wen' en 'Jou sukses word bepaal deur jou geloof' die motto van vele geword het. Dit bring ons by die vraag:



het die Voorspoedsteologie hoop of wanhoop vir Afrika gebring? Dit is wat hierdie artikel probeer ondersoek. Ons sal natuurlik moet besef dat die hele onderwerp van Voorspoedsteologie nie in een artikel behandel kan word nie. Daar sal sake onaangeraak gelaat word. Ek verwys na sake soos: die verskil tussen die Charismatiese Beweging en die Klassieke Pentekostalisme; die kritiek vanuit die Charismatiese self, gerig op die Voorspoedsteologie; en verder die hele historiese ontwikkeling van die beweging. Daarom het ek 'n aantal kenmerke van die beweging geselekteer wat mag help in die evaluasie daarvan teenoor die basis van die Christelike geloof.

God in afwagting

Die mees ontstellende van die Voorspoedsteologie¹ is dit wat geleer word oor God. Dit was nog altyd dit wat die verskil tussen verskeie gelowe gemaak het – die mens se beskouing van God. Die klassieke onderrig van Calvyn in hierdie verband is steeds waar: hoe ons God beskou, bepaal die manier waarop ons onself beskou. Hierdie waarheid is ook van toepassing op die Voorspoeds-predikers.

Opsommend sou 'n mens kon sê: dit is God in afwagting. Volgens hulle wil God al Sy kinders gesondheid en rykdom skenk, aangesien dit reeds hulle s'n is. Dit is nie 'n vraag of dit Sy wil is nie, Hy het dit reeds lank tevore so gewil. Daarom, as jy 'n Christen is en jy is arm, moet jy God nie verwyte nie, maar jouself. Die logika is baie eenvoudig en dit verklaar moontlik waarom mense dit so maklik aanvaar. Dit is die logika – God besit alles op aarde; God het gekies om Sy verbond op te rig met Sy kinders en dit is 'n

¹ Die leerstelling dat God wil hê dat al Sy kinders gesond en welgestel sal wees.

daad van God waarin Hy Hom daartoe verbind om hulle gesond en ryk te maak. Daarom is alles wat aan God behoort, joune. God kan niks meer daaraan doen nie, dit is alles aan jouself oorgelaat. Daarom is die rol van die predikers van hierdie teologie om mense te help om van hierdie kanaal gebruik te maak. MacArthur het die effek van hierdie prediking soos volg saamgevat:

- *Woord-Geloof*²-prediking plaas in effek die individuele gelowige bo God en degradeer God tot die rol van 'n soort feetjie wat daar is om die begeertes en wense van 'n Christen uit te voer;
- *Woord-Geloof*-prediking het geen besef van God se soewereiniteit nie;
- Vir hulle is God gebonde aan die spirituele wette wat gesondheid en voorspoed beheer. As ons die regte woorde gebruik en geloof sonder twyfel het, dan is God gedwonge om te reageer op watter wyse ons ook al bepaal;
- God regeer nie as Koning nie; Hy is nie in staat om te werk totdat ons Hom toelaat om dit te doen nie.


Die Abrakadabra van geloof

Dit is dan hulle siening van God. Vir hulle is geloof nie 'n afhanklikheid van God nie. Geloof word 'n formule om God te manipuleer om vir jou te werk. Wat vir so 'n geloof belangrik is, is om die formule te ken, en hierdie formule van geloof se wortels is iets wat jy nie sien nie, dit bestaan nog nie. Dit is belangrik om jou dit in te dink. Daarom word mense aangemoedig om dit te sê, te

² *Woord Geloof* is 'n ander woord wat vir Voorspoedsteologie gebruik word; 'n ander is Health and Wealth Gospel (Gesondheid en Rykdom Evangelie) of selfs Name It and Claim It (Noem Dit en Eis Dit).

doen, te ontvang – as jy jou dit indink, moet jy dit uitleef en praat om dit te laat leef, dan sal jy dit ontvang en daarvan getuig. Die geheim lê baie naby aan toordery, jy moet net leer om die regte toertjie te doen. Drie dinge is van belang om hierdie geloof te beoefen:

- Jy moet nie in jou hart twyfel nie.
- Moenie negatiewe gedagtes hê nie en moenie negatiewe woorde spreek nie, want wat jy gespreek het, sal so wees. Dink positief.
- Vermy mense wat negatief is, want hulle sal jou droom vernietig.



Die Jesus wat jou ryk maak

Hoe sal iemand weet dat, as hy op hierdie manier glo, hy deel kan hê aan alles wat van God is? Die antwoord is Jesus Christus. Eenvoudig gestel: Christus het Homself arm gemaak om jou ryk te maak. Wat Hy kom doen het, was om te sterf vir die sonde en die gevolge van die sonde om te keer. Hierdie gevolge sluit in siekte en armoede. Daarom, toe Jesus gesê het: "Dit is volbring", het Hy daarby ingesluit siekte en armoede. Daarom is daar vir hulle geen onderskeid tussen wat gebeur en wat nog moet gebeur nie, tussen wat ons is en wat ons sal wees nie. Dit is daarom ook nie verbasend nie dat sommiges glo dat hulle die dood kan weerstaan.

Die Kanker van Voorspoeds-teologie

Het hierdie onderwysing soos kanker versprei, soos Paulus vir Timotheüs waarsku in 2 Timotheüs 2:17? Niemand moet die verspreiding van die Voorspoeds-teologie in Afrika onderskat nie. In 2006 is beweer dat van die 890 miljoen mense in Afrika, 147 miljoen 'herleefdes' (renewalists) is. Dit is meer as 'n kwart van die Nigeriese bevolking, meer as 'n derde van Suid-Afrika s'n, en 'n yslike 56% van Kenia se bevolking.

Daar is 'n paar faktore wat bydrae tot die verspreiding van hierdie leer:

- Media: die gratis verspreiding van hulle materiaal, soos die *Victory Magazine*; beskikking oor DSTV, waar 24/7 uitsendings van hulle leer is; die beskikbaarheid van hulle boeke in baie Christelike boekwinkels.
- Die gelykmaking van materiële sukses en geestelike sukses in die Tradisionele Afrika-sisteem laat 'n deur oop vir hierdie leer om te versprei. Reken daarby die materialisme wat die wêreld soos 'n storm tref.
- Die 'Goot Man' van Afrika (Big Man) eer die ryk, magtige leiers soos voorspoeds-predikers.

Wat sal ons dan sê?

Daar is die mense wat na hierdie beweging kyk en die verandering wat dit in mense se lewens gebring het, toejuig. Ons kan nie op dieselfde manier reageer as ons dit meet aan die ware Evangelie nie. Net soos van hulle wat in die dae van Paulus uitgegaan het om die leer van die Besnydenis te verkondig wat op sy beurt tot 'n verandering van die Evangelie gelei het, so kan gesê word van

die Voorspoedsteologie. Die waarheid omtrent God word ontken, sonde is niks anders as 'n verandering om ryk te word nie, en die Christelike lewe is net soos om punte bymekaar te maak met God vir jou kaartjie vir gesondheid en weelde. Die gevolg van die beloftes wat die predikers maak, is dat daar baie is wat by die huis sit en niks wil hoor van God of 'n Christelike lewe nie.



Hulle het gevas, hul volle salarisse gegee, voertuie vir die predikers gekoop, in skuld met die hoop om meer te ontvang, maar niks gebeur nie. Kyk jy nou na hierdie menigtes, dan kan 'n mens sê dat hierdie Voorspoeds-teologie nie hoop gebring het nie, maar wanhoop. Hulle sit nog en wag om genees te word met die Ware Evangelie, maar dit maak die genesing van baie mense soveel moeiliker.

Ons kan nie beter reageer nie as John Piper:

Ek weet nie wat jy dink van die Voorspoedsteologie nie, die gesondheid, weelde; maar ek kan jou sê wat ek daarvan dink: haat, wrok. Dit is nie die Evangelie nie. Dit is uitgevoer vanaf hierdie land

na Afrika en Asië, dit verkoop 'n lading goed aan die armste van die armstes. Glo hierdie boodskap en jou varke sal nie doodgaan nie, jou vrou sal nie miskrame hê nie... en hier is die rede - dit is so afskuwelik. Wanneer laas is daar gehoor dat iemand van Amerika, Afrika, Asië ooit gesê het Jesus is die enigste bevrediging omdat jy 'n BMW ry? Nooit. Hulle sal sê: Het Jesus jou die kar gegee? Dan kies ek vir Jesus. Dit is afgodery. Dit is nie die Evangelie nie. Dit is om die geskenk te verhef bo die Gewer. Ek sal jou vertel wat Jesus roemryk laat lyk. Dit is om jou kar te stamp in 'n ongeluk en jou klein dogtertjie vlieg deur die venster en beland soos 'n dooie op die straat, en deur die dieps-denkende pyn te sê: God is genoeg, Hy is goed, Hy sal ons beskerm, Hy sal ons bevredig, Hy sal ons hierdeur begelei, Hy is ons rykdom. Wie het ek in die hemel behalwe U? En op aarde is daar niks wat ek begeer nie buiten U. My vlees en my hart en my dogtertjie mag tekort kom, maar U is die sterkte van my hart en my deel vir altyd. Dit is wat God roemryk maak, as God en nie as die Gewer van motors of veiligheid of gesondheid nie. O, hoe bid ek nie dat Afrika gesuiwer mag word van hierdie gesondheids-, weelde- en Voorspoedsteologie nie. En dat die kerk van Christus geken kan word aan haar leiding van Christus. God word die meeste geëer in ons as ons totaal tevrede is in Hom, in die middel van teëspoed en nie voorspoed nie.

Ds Jerry Mhlanga is sendeling in Soshanguve Noord.

Nederland - Korrespondent : Ds Axel Hagg

Hier in Nederland kan 'n mens agterkom dat die vakansie-seisoen naderkom en alle aktiwiteite stil begin lê. Dis oor die algemeen baie rustig, ook in kerklike Nederland.

Die sinode het einde Maart hul laaste vergadering gehad oor die kwessie in die kerk van Kampen-Noord en ds Hoogendoorn. Op hierdie vergadering is besluit dat ds Hoogendoorn tereg afgesit is as predikant van die kerk van Kampen-Noord. Ds Hoogendoorn en die gemeente waar hy dien, gaan nou besin of hulle deel gaan bly van die kerkverband. Wat natuurlik die nodige spanning oplewer tussen lidmate van die verskillende gemeentes.

Onlangs is dr Stefan Paas, 'n Christelik Gereformeerde predikant, aangestel as dosent in Missiologie en Evangelistiek aan die Theologiese Universiteit in Kampen. In reaksie teen sy aanstelling het 7 predikante binne die GKv 'n beswaarskrif ingedien, omdat dr Paas volgens hulle Skrifkritiese uitlatings in sy proefskrif van 1998 en in latere tydskrifartikels gemaak het. In reaksie op hierdie beswaarskrif, en namens die TUK, het prof G Kwakkel 'n bydrae gelewer waarin hy dr Paas se standpunte probeer verduidelik het.

Desnieteenstaande hierdie verduideliking, het ook emeritus prof dr J Douma en ds A Verbree hulle geskaar by die 7 predikante en hul kritiek teen die aanstelling uitgebreid rugbaar gemaak in die *Nederlands Dagblad*. Ook is kritiek gelewer op die verduideliking van prof Kwakkel. Volgens ds Verbree het dr Paas homself ontereg aangepas aan die reëls van 'n sekulêre universiteit, net sodat sy proefskrif aanvaar sou word. Die Senaat en kuratore gaan hulle weer oor hierdie saak besin.

Kanada - Korrespondent : Dr Arjan de Visser

Kanse op kerkeenheid in Kanada?

Die jaar 2010 kan dalk 'n belangrike jaar wees vir kerkeenheid tussen Gereformeerdes in Kanada. Die Canadian Reformed Churches en die United Reformed Churches is formeel op 'n pad van eenwording. Altwee kerkverbande hou volgende jaar Sinode. Kan ons verdere toenadering of selfs eenwording verwag? Dit lyk asof daar nog te veel vraagtekens is.

Dalk moet ons eers die geheue verfris: wie is wat in kerklike Kanada? Die Canadian Reformed Churches

(CanRC) is die vrug van emigrasie van vrygemaak-gereformeerdes van Nederland na Kanada. Nadat die eerste gemeente gestig is om en by 1950, het die getal lidmate oor die jare gegroei tot 15 000. Die CanRC is 'n susterkerk van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Voorgangers met Suid-Afrikaanse konneksies in die CanRC is ds Cornelis Kleijn (junior) en die skrywer van hierdie artikel.

Die United Reformed Churches (URC) is heelwat jonger as die CanRC. Hulle het ontstaan as gevolg van 'n uittog van gemeentes uit die Christian Reformed Church (CRC) in die 1990's. Die rede vir die skeuring was die feit dat die CRC oor die jare heen 'n meer liberale koers begin volg het (met o.a. toelating van vroue in die besondere ampte). Die gemeentes wat van die CRC weggebreek het, het hulleself in 1996 georganiseer as 'n nuwe kerkverband: die United Reformed Churches of North America (URCNA). In terme van lidmate is die URC 'n bietjie groter as die CanRC. Ook in die URC is daar predikante wat Afrikaans kan praat, bv. ds Christo Heiberg.

Daar is 'n belangrike demografiese verskil tussen die CanRC en die URC: Die CanRC is uit en uit Kanadees: 95% van die lidmate en gemeentes is in Kanada. Die URC het ook baie lidmate en gemeentes in Kanada, maar die meerderheid is in die Verenigde State van Amerika.

Proses van eenwording

Van die begin af was daar goeie bande tussen die CanRC en die URC. Voordat die URC formeel as 'n kerkverband georganiseer was (in 1996), het verteenwoordigers van die CanRC na die URC uitgereik met ondersteuning en bemoediging. Na 1996 is samesprekings begin om te kyk na moontlikhede vir samewerking en eenwording.

In 2001 het die Sinodes van beide kerkverbande besluit om mekaar te erken as volwaardige susterkerke en die pad na eenwording te begin stap. Van daardie tyd af kan predikante van die een kerkverband in gemeentes van die ander kerkverband die Woord verkondig. Ook op ander maniere is daar kontak: Ouderlinge en diakens van beide kerkverbande ontmoet mekaar op ampsdraers-konferensies. Daar is samewerking op verskeie terreine, bv. onderwys en evangelisasie.

Oor die afgelope jare het daar veral in Kanada 'n proses van herkenning en toenadering plaasgevind. Aan altwee kante is daar 'n minderheid van lidmate wat teen die eenwordingsproses gekant is, maar die oorgrote meerderheid is positief. Oor en weer het daar 'n besef gegroei dat daar inderdaad eenheid in die ware geloof is. In die VSA het hierdie proses egter veel minder plaasgevind, omdat daar slegs 'n handjievol CanRC-gemeentes in Obama se land is. Dalk is dit 'n geval van onbekend maak onbeminde.

Verskille

Aangesien die twee kerkverbande 'n verskillende geskiedenis deurloop het, was daar sekere verskille in kerktradisies. Die Sinodes van 2001 het drie areas van verskille geïdentifiseer wat uitgesorteer moet word: (1) kerkorde, (2) liturgie, (3) teologiese opleiding. Sinodale kommissies is benoem om na hierdie kwessies te kyk.

Met betrekking tot kerkorde moet ons in ag neem dat die URC hul kerkorde van die CRC geërf het, terwyl die CanRC hul kerkorde na die Vrymaking teruglei. Die verskille is nie dramaties nie. Nogtans, as twee kerkverbande oor 'n honderd jaar ontwikkel, groei daar verskillende tradisies. Om 'n voorbeeld te noem: In die URC is daar 'n redelike mate van vryheid vir plaaslike gemeentes om te besluit wie op die kansel toegelaat word (selfs as dit 'n predikant van 'n ander kerkverband is). In die CanRC is daar veel minder ruimte om op 'n plaaslike vlak sulke besluite te neem.

Dan is daar verskille met betrekking tot liturgie en kerksang. Die CanRC sing die 150 Psalms op die Geneefse melodieë. Die URC sing ook die 150 Psalms, maar die meeste melodieë is nie Geneefs nie. Ook met betrekking tot gesange is daar verskille. Die CanRC het 'n bundel van 65 gesange. Die URC het baie meer. Die karakter van die gesange is ook verskillend.

Dan die saak van teologiese opleiding: Die CanRC het hul eie teologiese opleiding in Hamilton (Ontario). Dit is 'n kerklike opleiding, wat beteken dat die kerke die 'eienaar' van die opleiding is. Die Sinode benoem professors. Fondse word deur die kerke voorsien. Die CanRC is baie geheg aan die beginsel dat teologiese opleiding 'n projek van die kerke moet wees.

Die URC is anders in die opsig. As gevolg van negatiewe ervarings met die Calvin Theological College in Grand Rapids, wat liberale gedagtes in die kerke ingebring het, is hulle baie huiwerig oor die beginsel van 'n kerklike opleiding. Die URC se

predikante word opgelei by twee seminaries: Mid-America Reformed Seminary en Westminster Seminary California. Daar is URC-professors by altwee seminaries, maar die kerke het geen formele beheer nie.

Die situasie met betrekking tot teologiese opleiding herinner 'n mens baie aan die situasie in Nederland in die vorige eeu toe daar ook twee benaderings was: 'Kampen' ('n kerklike seminarie) en die 'Vrye Universiteit' (nie-kerklike seminarie).

Situasie vandag

Waar staan die CanRC en die URC vandag met betrekking tot eenwording? Daar is heelwat vordering gemaak met betrekking tot die drie genoemde kwessies: Die kommissie wat na kerkorde-kwessies gekyk het, het 'n nuwe kerkorde geskryf wat vir beide kerkverbande aanvaarbaar is. Liturgiese verskille sal waarskynlik in die vryheid van die kerke gelaat word. Die CanRC sal voortgaan om Psalms op Geneefse melodieë te sing en die URC sal voortgaan om Psalms op ander melodieë te sing.

Die een saak wat nog glad nie aangespreek is nie, is teologiese opleiding. Dit gaan moeilik wees om die teologiese opleidings te laat saamsmelt tot een gesamentlike opleiding. Waarskynlik sal daar ook in hierdie opsig 'n kompromis gesluit moet word en heel moontlik sal al drie opleidings voorlopig bly voortbestaan.

Intussen het dit die afgelope jare duidelik geword dat daar ook sekere teologiese aksent-verskille is. By sommiges in die URC is daar vroe oor die CanRC se verbondsbeskouing: hulle is bevrees dat daar te veel veronderstel word op grond van die doop en dat die uitverkiesing te veel buite rekening gelaat word. Aan die ander kant leef daar in die CanRC vroe oor die URC se verbondsbeskouing: dat die verbond te veel onder die druk van die uitverkiesing geplaas word.

Wat is die kanse vir kerkeenheid tussen die CanRC en die URC? Alhoewel daar op 'n plaaslike vlak (veral in Kanada) positiewe ontwikkelings plaasgevind het, sal daar nog baie water oor die Niagara-waterval moet stort voordat kerklike eenwording 'n feit word.

Inligting oor die kerke:

CanRC: www.canrc.org

URC: www.covenant-urc.org/urchrchs.html

Teologiese opleidings:

Hamilton: www.theologicalcollege.ca

Mid-America: www.midamerica.edu

Westminster California: www.wscal.edu

WAT maak van kerk KERK?

In Pers-pektief

Dit is die vraag wat dr Elsje Büchner, teoloog van die NG Kerk, vra in *Beeld* van 22 Maart. Hierdie vraag vra na die wesenskenmerke van 'n kerk. Wat presies bepaal die kenmerkende eienskappe van 'n kerk, en hoe is en funksioneer 'n kerk anders as ander organisasies, soos belangeverenigings, stokperdjieklubs, welsynsorganisasies, ens?

Dit is inderdaad 'n belangrike vraag, besonderlik in hierdie tyd, waar veral ook gevra word na die relevansie, die praktiese betekenis van die kerk vir ons tyd en samelewing. Die antwoord op hierdie vraag bepaal ook waar die prioriteite van 'n kerk en haar grootste inspanning moet lê en dit gee, in vergelyking met die huidige situasie, 'n aanduiding of en wat daar verander sou moet word.

Dr Büchner vra dan vrae soos: Moet die kerk haar deure en arms oopstel vir vlugtelinge en armes? Moet die kerk betrokke raak by politiek en sy deure oopstel vir politici? Moet die kerk haar bediening bou rondom die verwagtinge van mense of het die kerk 'n profetiese, leidende rol? Dr Braam Hanekom, moderamenlid van die NG Kerk, vra in *Die Burger* van 1 April of die kerk nog in hierdie tyd belydenisse nodig het en, indien wel, wat die rol is van belydenisse (soos o.a. die Belhar-belydenis). Is die kerk vir die (emosionele) geloof op Sondag en die wetenskap vir die (nugtere en rasonale) lewe in die week? vra professore uit Potchefstroom in *By* van 30 Maart. Dit is aktuele en geldige vrae.

Dr Büchner haal die godsdiens-sosioloog George Barna aan wat 'n boek geskryf het oor "die gewoontes van baie doeltreffende kerke". Hy lys die volgende nege gewoontes, wat voorkom by al die doeltreffende kerke wat hy ondersoek het.



Dr Elsje Buchner

Hierdie kerke:

1. het doeltreffende geestelike leiers en ondersteuningstrukture,
2. het strukture wat effektiwiteit ondersteun en lidmate betrek,
3. het lidmate wat betrokke is en hul gawes in diens stel van die kerk,
4. fasiliteer werklike aanbidding en investeer in goeie eredienste,

5. werk aan betekenisvolle tussen-menslike verhoudings,
6. het Skrifgetroue lering en help mense om geestelik volwasse te word,
7. het 'n strategiese evangelisasie-program waar gelowiges toegerus word om spontaan met ander oor hul geloof te praat,
8. het 'n holistiese benadering tot rentmeesterskap, en
9. is nie net gerig op eie lidmate nie, maar bedien die (nood in die) gemeenskap.

Ons weet nie vanuit watter geestelike agtergrond Barna "doeltreffende kerke" definieer nie, maar die lysie wat hy meld, is nuttig om kennis van te neem en in Bybelse lig te toets. As Barna se nege kenmerke ingedeel sou moet word, dan sou ons kan sê die eerste drie is organisatories van aard, die vierde is op God, na Bo gerig, die volgende twee is interne kenmerke, na binne gerig en die laaste drie is na buite gerigte doelstellings. Die laaste ses kermerke is dus uitkoms- of doel-gerig.

As gereformeerde kerke het ons belydenisskrifte waarin ons onder andere ook iets bely oor die kerk. Die Apostoliese Geloofsbelydenis en die verklaring daarvan in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus is maar baie sober oor die kerk. Dit meld meer oor **wat** die kerk is ('n vergadering van gelowiges wat tot die ewige lewe uitverkies is, deel het aan al die skatte en gawes van Christus en werklik 'n gemeenskap vorm) as wat haar **doel** is. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) wy ses van sy 37 artikels aan die kerk. Hierdie artikels handel ook deurgaans oor haar wese, kenmerke en regering/-organisasie, maar sê ook iets oor haar doel.

Artikel 29 NGB meld die bekende drie kenmerke van die kerk: sy moet die evangelie preek en sakramente en tug bedien. As kenmerke van die gelowiges word genoem: hulle het Christus aangeneem, ontvlug die sonde, jaag die geregtigheid na, het God en naaste lief, bly standvastig en kruisig hul sondige natuur. Artikel 30 NGB meld dat die kerkraad moet sorg dat die Christelike geloof onderhou en versprei word, oortreders vermaan en armes en bedroefdes in hul nood gehelp en vertroos word. Hier bely ons dus dieselfde drie basiese uitset-eienskappe van die kerk: na Bo gerig (God dien en liefhê), na binne gerig (op die lidmate/gelowiges) en na buite gerig (sending en evangelisasie en die armes en bedroefdes help).

Wat dus opval, is dat die basiese beginsels van kerkwees, soos 450 jaar gelede geformuleer deur Guido de Brès, langs 'n sosiologiese ompad nog steeds gesien word as "die gewoontes van baie doeltreffende kerke". Wat Barna bygevoeg het, is die praktiese invulling van die uitsette van die kerk na binne en na buite: **waarmee** rus ons lidmate toe en

hoe help ons die armes die beste. En oor hierdie sake kan ons beslis saam verder nadink en beleid en prioriteite bepaal.

Hans Moes is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk, Bellville.

NIE deur eie KRAG NIE...

Onderhoud met Graham Power

Onderhoude & Verslae



Graham Power (foto) is die stigter en voorsitter van die bekende Power-groep, een van die mees toonaangewende maatskappye in die ingenieurs-industrie in Suid-Afrika. Maar behalwe dit is hy ook 'n Christen. 'n Belydende Christen en direkteur van 'n groot maatskappy – 'n vreemde verskynsel in ons tyd. *Kompas* het aan hom enkele vrae gestel. Die redaksie was egter verplig om, gesien die lengte van die antwoorde, die onderhoud te verkort.

Wanneer en hoe het jy 'n Christen geword?

Ek het opgegroeï in die voorstede van Kaapstad, Suid-Afrika. My pa

was 'n hardwerkende man met 'n beperkte inkomste, en my ma was 'n nederige vrou wat lang ure gewerk het om te verseker dat ons vyf kinders skool toe kon gaan. Godsdien was nie uitgesluit uit ons gesin nie – my pa was 'n Katoliek en my ma 'n NG-lidmaat. Hierdie godsdien was egter nie 'n persoonlike geloof nie, maar was eerder die tradisie van die meeste Suid-Afrikaanse families.

Vasbeslote om nie 'n lewe te lei wat deur finansies beperk was nie, het ek 'n passie ontwikkel om suksesvol te wees. Nadat ek my diensplig voltooi het, het ek begin werk by 'n plaaslike siviele ingenieursfirma... Vroeë sukses het my honger gevoed vir meer, en dit het 'n patroon gevestig van oordrewe pligsgetrouheid en kompetisie-sug. Ek was vasbeslote om suksesvol te wees, maak nie saak wat die prys was nie. Toe ek die potensiaal vir sukses besef het, het ek saam met my vrou, Lauren, ons eie maatskappy gestig. Met min finansies, een werknemer en een voertuig is die Power-groep gevorm. Sukses het sukses gekweek en binne 'n jaar het die maatskappy se omset van R300 000 na R3 miljoen gespring. 'n Tendens wat oor die jare voortgesit is.

My vroeë sukses is met 'n aantal onverwagse toekennings beloon,

en hierdie erkenning, die allesbeheersende begeerte om die korporatiewe leer te klim, het gelei tot finansiële sukses, meer motors, meer bote en wildsplase. Met al hierdie rykdom en sukses het trots begin om te groei in die hart van hierdie selfgemaakte man. Ek het geweet dat ek die vermoë en die wil gehad het om groot te word, en ek was goed oppad om daardie doel te bereik.

Vir byna twintig jaar was ek vasgevang in die "groter en beter"-siklus. Maar soos ek meer besittings en rykdom verkry het, het ek ook bewus geword van die eensaamheid en leegheid wat my gedurende stil oomblikke omring het. My gesin het besittings gehad, maar was besig om hulle pa en man te verloor. My waardes het verward geword, en die gevoel van gebondenheid was oorweldigend – maar daar was geen uitkoms nie. Ek was magteloos om die omstandighede van my persoonlike lewe te verander.

Toe, op 'n wonderbaarlike wyse, het ek in aanraking gekom met die realiteit van 'n persoonlike geloof in die Here Jesus Christus. Vir die eerste keer het ek 'n boodskap gehoor van God se krag om 'n mens se lewe te verander. Op 'n tydstip waarin ek magteloos was, het ek gehoor dat dit die weg was om my lewe te heroriën-

teer. Ek het die besluit oorweeg, die koste afgeweeg, en in Februarie 1999 het ek alleen op die vloer van my studeerkamer gekniel en my lewe gewy om God 24 uur per dag, sewe dae per week te dien. Ek het my familie en my besigheid aan God die Vader gewy. Dit het gevoel asof die stukkies van my lewe uiteindelik in plek geval het. Ek het vrede gehad, die leë strewe het bedaar, die wedloop was verby.

Die slagspreuk van die maatskappy is "unashamedly ethical" (onbeskaamd eties) – dit bring 'n groot verantwoordelikheid mee om hiervolgens te lewe. Wat is die skoonheid asook die gevare daarvan om so openlik Christelik in die besigheidswêreld te wees?

"Unashamedly ethical"

Daar kan geen groter vreugde wees as om jou hele lewe te lei om God daarmee te eer nie! Mense vra dikwels hoeveel tyd ek aan besigheid bestee, en hoeveel tyd ek aan Christelike bediening bestee. Dit is geen sinvolle vraag nie! Ek spandeer 100% van my tyd aan Christelike bediening. My hele lewe is veronderstel om deurgebring te word in verering en aanbidding van Jesus (Kol 3:23). Dus, hoewel dit moeilik en duur kan wees om openlik te erken dat jy 'n etiese Christen in die besigheidsgewing is, is ek seker van twee dinge. Eerstens, God kan nooit verheerlik word nie sonder 'n totale oorgawe van alles wat ons is aan sy wil. In die tweede plek het ek ontdek dat die mense om my heen begin het om my Christelike waardes en standpunte in besigheid te vertrou en te waardeer. Almal wil met mense werk wat hulle kan vertrou; almal wil met iemand werk wat

hulle beste lewer (ongeach hoe belangrik, groot, of ryk die kliënt of besigheid is). Almal reageer goed op mense wat meer gee as net die nodige. Dus, alles wat ek doen, en op elke gebied waar ek 'n geleentheid het om verandering te bewerk, moet gedoen word met moed om daarmee God te eer en lief te hê.

Natuurlik is daar mense wat sê dat daar 'n gevaar is in my besigheid – sommige van my werknemers was bekommerd oor hoe ons winsgewend kan wees as ons teen korrupte praktyke in die industrie sou staan (soos prysvasstelling). Maar ek sou nie by enige soort besigheid betrokke wou wees wat nie Godvresend is nie. En, natuurlik, die wonderlike ding is dat God diegene eer wat volgens sy wil lewe. Spreuke 11:1 maak dit so duidelik: God eer nie onregmatige besigheid nie. En ons het gesien hoe ons besigheid gegroei en gefloreer het deur eerlike onderhandelings, harde werk en goeie kwaliteit.

Wat is die slaggate vir 'n Christen-besigheidsman?

Ek dink dat jy 'n konstante en sterk getuigenis vir Jesus en jou geloof in Hom moet handhaaf. Dit vereis toewyding en gebed om Jesus in elke aspek van jou lewe te vereer (huis, werk, gemeenskap). Dit is jammer dat daar baie Christene is wat hiermee worstel. En wanneer 'n persoon faal, is die wêreld baie vinnig om te oordeel. Maar ek glo dat, met goeie ondersteuning (soos suiwer onderrig, 'n toegewyde gebedslewe, 'n betroubare predikant, duidelike standaarde) kan ons Christus vereer in alles wat ons doen. In hierdie lewe word elke mislukking 'n geleentheid om te getuig van Jesus se liefde, aanvaarding en genade, en elke oorwinning 'n geleentheid om die eer aan God te gee!

Power Developments, een van die maatskappye in die Power-groep, het as slagspreuk "Kingdom developers" (Koninkryks-ontwikkelaars) – wat is die bedoeling met hierdie slagspreuk?



Toe ek my lewe aan die Here gewy het, het ek geweet dat ek alles aan Hom moes gee. Dus, dit het beteken dat ek nie twee lewens kon lei nie ('n werklewe en 'n Christelike lewe). Hierdie twee behoort een en dieselfde te wees. Die wyse waarop ek besigheid doen, moet ooreenstem met die beginsels van God se Koninkryk en die waardes van daardie Koninkryk. Maar dit beteken ook dat, wat ek ook al met my besigheid doen, ek die doel van God se Koninkryk moet bevorder. Daarom het die Power-groep van maatskappye die visie om deur God gebruik te word om "die lewens van mense in Afrika te transformeer deur die ontwikkeling van infrastruktuur". Deur paaie, huise en skole te bou, doen ons wat God van ons vra. Ons verbeter die lewens van mense in Afrika.

Ek het Ed Silvovo se boek, "Anointed for Business", baie waardevol gevind om my te laat verstaan dat, net soos 'n predikant geroep is om die kerk te help bou deur kanselbediening, so het God aan my krag, gesondheid en besigheidsvermoë gegee om sy Koninkryk te help bou as "markplein-bedienaar" (sien Deut 8:17-18).

Watter invloed het jou geloof op jou aanstelling van nuwe werknemers?

Die Power-groep is duidelik 'n Christelike maatskappy. Ons het baie mense wat werk gesoek het binne die groep vanweë ons geloof, waardes en etiek. Natuurlik beteken dit dat wanneer mense by ons kom werk, weet hulle waarvoor ons staan. Ons sal egter, net soos Jesus, nie teen mense diskrimineer nie. Ons soek daarna om die liefde van Jesus aan alle mense te wys... Tog is ons duidelik daarvoor dat mense aangestel word op grond van hulle harde werk en toewyding aan die strategie, visie en waardes van die Power-groep.

Dit is duidelik dat julle deur die Here geseën is. Maar, soos ons almal weet, die seën van die Here bring ook verantwoordelikheid mee om 'n goeie rentmeester te wees. Hoe probeer jy om hierdie verantwoordelikheid na te kom?

God se wil is 'n integrale deel van ons werkplek, maar vir my was

dit belangrik dat Hy nie binne die vier mure van die maatskappy sou bly nie.

Die Power-groep moes 'n tasbare uitdrukking van sy liefde wees aan 'n wêreld in pyn, en ons is gemotiveer om aktief betrokke te raak by kwessies wat ons nasie raak. Aangespoor deur Spreuke 3:9-10 het ons in 2000 'n trust gestig waardeur elke Power-maatskappy die eerste tien persent van sy wins sou skenk om gebruik te word in areas soos onderwys, opleiding, voedsel, opheffingswerk, HIV/VIGS, armoede en straatkinders. Ons het ook verskeie gemeenskapsprojekte begin om onderwys en huise aan armoediges te verskaf, en om verskeie inisiatiewe met finansiële en materiële behoeftes te ondersteun.

Watter advies sou jy gee aan jong Christen-besigheidsmanne?

Ek sou die Christen-besigheidspersoon adviseer om volledig aan

God toegewy te wees. God wil Christene gebruik om vernuwing en verandering in die wêreld te bring. Ons het 'n rol om daarin te speel. Ons moet hardwerkend wees, eties, in voeling met die wil van God. En ons moet liefdevolle getuies van God se doel en plan met die wêreld wees. Dit is so belangrik om God eerste te plaas in elke aspek van jou besigheidslewe. Deuteronomium 8:17-18, Spreuke 3:9-10 en Kolossense 3:23 is baie belangrike verse in my lewe.

Dikwels dink ons dat dit in hierdie wêreld nie moontlik is om volledig Christen te wees nie, en dat dit daarom onvermydelik en normaal is om sekere standaarde aan te pas aan dié van die wêreld. Hier het ons 'n voorbeeld van iemand wat, deur die krag van die Here, nie bereid is om te buig voor die wêreld nie. Mag die Here aan alle besigheidspersone die krag gee om sy wil onwrikbaar na te volg.

HUBBLY'S is SKADELIKER AS ROOK - die WAARHEID oor hubbly's

Medies

Waterpype, oftewel Hubbly Bubbly's, is 'n tydverdryf wat tans groot aanhang onder jongmense geniet. Veral omdat dit gesonder is as die gewone rook van sigarette. Of altans, só is nog altyd geglo. Maar 'n onlangse verslag van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) toon juis die teendeel.

Hubbly's is 'n tradisionele Midde-Oosterse of Asiese apparaat vir rook wat werk deur waterfiltrering en indirekte hitte. Die gewoonte is al sowat vier eeue oud. Volgens KANSA en navorsing van die WGO is die waterpyp in die 16de eeu deur 'n dokter, Hakim Abul Fath, in Indië ontwerp. Die idee was juis dat rook wat deur water getrek word, minder skadelik gaan wees.

Wanneer 'n roker deur die pypie inasem, forseer 'n drukverskil lug verby die koeltjies wat die tabak

verhit. Dit sorg dat daar rook afgegee word. Die rook word weer weggetrek van die tabak deur die water tot in die lug van die rookkamer van waar dit deur die roker ingeasem word. Die water filtreer die teer en nikotien en koel dit af.

Die WGO het in 2006 'n verslag saamgestel uit navorsing wat hulle gedoen het. Die verslag is wêreldwyd versprei. Volgens dié verslag is Hubbly-rook nie so onskadelik as wat algemeen geglo word nie. In teendeel, die Hubbly se rook bevat verskeie gifstowwe wat longkanker, hartsiektes en ander siektes kan veroorsaak.

Hubbly's sorg vir gesellige jeugkoffiekuiers

Die Hubbly-gier het ook ons jeug beetgepak.

Hubbly's is deesdae nogal gereeld teenwoordig by jeugkoffiekuiers. Uit gesprekke met verskeie jeug-

lede van die Vrye Gereformeerde Kerke in Kaapstad en Pretoria kon ek agterkom dat die jeug werklik onkundig is oor die moontlike gevare wat hierdie (eksotiese) apparaat inhou.

Dié mooi apparaat met sy oosterse kleure en lang pyp met water wat borrel as 'n trek geneem word skep 'n illusie van skoon pret. 'n Groep mense sit gesellig om die Hubbly en maak beurte om 'n trek te vat.



Jeuglede wat nie deelneem aan die rondgaande pyp nie, sal baie minder kla oor die Hubbly as oor sigarettete, juis omdat die Hubbly onskuldig lyk en boonop baie lekkerder ruik as sigarette. Tabak vir die Hubbly is in verskillende (baie lekker) geure beskikbaar, waarvan die gewildste die kersiegeur is.

Een ou sê jeuglede wat Hubbly rook, is veral dié wat nie rook nie of wil ophou rook. "Hubbly help my om nie meer te rook nie. Ek hoes nog soms van Hubbly, die stoom wat healtyd in jou longe kom is seker nie heeltemal so goed vir jou nie, maar tenminste is daar nie teer in nie."

'n Ander jeuglid sê: "Dit is 'n gesellige aktiwiteit. Die jeug geniet Hubbly soos wat Indiane 'n vredespyp geniet, maar dan sonder die halluserende effekte. Ek dink trouens dat Abraham ook Hubbly gerook het."

Op die vraag of hulle nie gril vir die nat pypie wat van mond tot mond gaan nie, sê hulle: nee, want dit is

mense wat hulle ken. 'n Jeuglid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria sê alhoewel hy nie self Hubbly rook nie, het hy altyd gedink Hubbly is beter as sigareetrook. Hy glo ook daar is baie jeuglede wat dit rook bloot omdat dit "cool" lyk.

'n Kennis sê Hubbly is die rede hoekom sy vandag rook. "Nadat ek 'n jaar lank amper elke dag Hubbly gerook het, het ek besluit dit is te veel moeite en oorgegaan na sigarette."

Heelparty jeuglede was baie verbaas toe ek vir hulle gesê het dat dit net so erg, en selfs erger, as rook is.

Nadele van Hubbly's

'n Hubbly-roker word langer blootgestel aan meer rook oor 'n langer tydperk as 'n sigaretroker. Sigaretrokers rook tipies 8-12, 40-47 ml-treкке oor 5 tot 7 minute en asem 0.5 tot 0.6 liter rook in. Daarteenoor duur die Hubbly-rooksessie 20 tot 80 minute waartydens die roker 50-200 treкке inneem wat wissel van 0.15 tot 1 liter rook elk. Die Hubbly-roker neem dus in een sessie meer rook in as wat 'n sigaretroker in 100 of meer sigarette sal inneem. Alhoewel die water van die nikotien absorbeer, kan die rokers wel blootgestel word aan genoeg dosisse nikotien om verslaaf te word.

Dit is ook moontlik om TB en hepatitis aan te steek deur die mondpypie.

Wees slim en moenie eers begin nie

Hubbly Bubbly hou dus ernstige gesondheidsgevale vir gebruikers in. Dit is nie 'n gesonder alternatief vir sigareetrook nie.

Selfs nadat dit deur die water gefilter is, is daar steeds hoë vlakke van giftige stowwe in die rook, insluitend *carbon monoxide*, metaliese vaste stoffe en ander kankerwekkende elemente.

Wanneer jy kyk na die gevare wat nikotien vir die menslike liggaam inhou moet jy jouself afvra: is dit geregverdig? Verheerlik ek God deur te rook, al is dit hoe lekker?

In 1 Korintiërs 10:31 sê Paulus: *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.* Is dit nie die houding waaruit ons moet lewe nie? Ons as Christene glo dat ons niks mag inneem wat ons liggaam kan skade aandoen nie, want ons liggaam is 'n tempel van die Here. So lees ons ook in 1 Korintiërs 6:19-20: *Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.*

Ja, groepsdruk is moeilik en dit is nie altyd maklik om nee te sê nie. Maar dink daaraan dat Jesus uitstaan het op aarde omdat Hy nie onder groepsdruk

geswig het nie. In Jakobus 4:17 sê die apostel vir ons: *Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.*

Hubbly sorg miskien vir 'n gesellige koffiedrink of kuier, maar is dit tot opbou van jouself en jou naaste? Ons moet waak teen die asosiale rol wat die Hubbly tydens kuiers kan speel. Die pyp moenie die middelpunt van ons kuiers word nie. Ons word immers opgeroep om vervul te word met die Gees, en nie met aardse genietinge nie (Efesiërs 5:18). Wanneer die kersiegeur van die Hubbly jou neus bereik en jy 'n mondpypie aangebied word, dink

weer. Miskien is dit tyd dat jy die kooltjies uitdoof en ander maniere soek om koffiedrink gesellig te maak.

Tanya de Vente is 'n vryskut joernalis vir verskeie tydskrifte en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

Bronne:

www.cansa.org.za;

<http://www.who.int/tobacco/en>

REAKSIE : "Aand in die straat"

Reaksie


Reaksie na aanleiding van die artikel *'n Aand in die straat*, Kompas April 2009

Dit het seker sy nut om 'n slag stil te staan by mense wat, as gevolg van watter omstandighede ook al, van die straat hul tuiste maak. Daar is baie ellende waar ons maklik aan verby leef terwyl dit eintlik op ons voorstoep voorkom. In hierdie opsig help die artikel ons om meer van die menslike nood bewus te word.

Om die besluit om 'n enkele nag in die straat deur te bring, te kan evalueer, moet 'n mens die motief vir die aksie ken. Was dit om met hierdie daad aan die Zimbabwe-vriende te toon dat daar meelewe is, om te voel wat hulle voel, om te ervaar wat hulle moet deurmaak? Dit lyk wel so, want hy doen saam met hulle Bybelstudie en draai tegelyk demonstratief die rug op die stinkende bedelaars, dronklappe en dwelmverslaafdes. Wat is die werklike nood wat daar op die straat tentoongestel word? Wat van die blanke bedelaar wat hy beskryf? Die kans is goed dat dié man in 'n Christelike huis grootgeword het, gedoop is. Dalk is sy grootste ellende dat hy daarvan oortuig is dat God hom nie meer wil ken nie; daarvoor is

hy mos te vuil, te sleg en stink hy teveel. Is sy nood nie baie groter as dié van die gelowige, netjiese, welopgevoede ekonomiese vlugtelinge nie?

Die artikel het my op 'n manier laat dink aan die boekie *The Visit* van Adrian Plass. Daarin laat die skrywer vir Jesus besoek aflê in ons moderne tyd en samelewing.



Maar, net soos tydens sy lewe op aarde, tree Jesus heeltemal anders op as wat ons doen en van Hom verwag. Die gevolge is nogal skokkend. Dit is ontdekkende lektuur.

Dit het my laat vra: Wat sou Jesus gedoen het, so 'n aand in die straat? Sou Hy nie eerder die bedelaar in sy werklike nood verseker het van sy liefde nie? Sou Hy nie op die glimlag van die

dwelmsmous gereageer het nie? Sou daardeur die besoek aan die straatmense nie meer waardevol geword het nie?

Die artikel eindig 'n bietjie wanhopig. Ons sou graag iets doen ter verligting – tog nie net vir die gelowiges onder hulle nie? – maar weet eintlik nie hoe nie. Ek dink ons ken almal daardie gevoel deur die groot getalle bedelaars en straatkinderen by verkeersligte en winkelsentrums. Om geld te gee, is in baie gevalle beslis nie die oplossing nie, maar in watter gevalle is dit wel goed? Om kos te gee is beter, maar ons ry gewoonlik nie met toebroodjies rond nie. Selfs gesamentlik kan ons moeilik daadwerklik iets beteken. Maar daar is seker organisasies wat op 'n verantwoordelike manier en met 'n Bybelse visie hierdie werk doen en vir wie ons met 'n geruste hart kan steun? Wat van die Kruisweg-koffiekring wat genoem word? Dalk is daar 'n leser wat ons daarin kan adviseer. Ek sal graag daarvan hoor.

Dr JW Meijer is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

REAKSIE : Wanneer stemreg stemplig word

Reaksie

Die besondere artikel van Ruard Stolper (Kompas, April 2009) en die bydraes oor die verkiesing, hoort bymekaar. Enigeen wat "Aand in die straat" gelees het, identifiseer met die slotparagraaf: hoe kan ek, warm, met oorgevoel kos en met oortollige matrasse "...my broeders in Christus so daar laat lê?"

Natuurlik kan ek en my medegelowiges met liefde "al my goed uitdeel", maar sal dit werklik my broers en susters in Christus "wat daar lê" se situasie verander? Na 'n paar dae is die kos opgeëet en die komberse dalk gesteel en die situasie bly dieselfde. Buitendien: daar is miljoene van hulle en hoe dra my uitgedeelde goed by tot die oplossing en verligting van die totale probleem?

Daar is twee dinge wat ek kan doen om blywende verandering ten goede teweeg te bring:

Ek kan evangeliseer en ek kan stem!
Ruard het duidelik die krag van opregte geloof beskryf: die verskil

in paradigma (denkraamwerk, lewens- en wêreldbeskouing) by die gelowiges en die ander. Wedergeboorte verander mense se sienings van hulself en hul situasie: vanaf slagoffers, word hul kinders van die Almagtige God en Vader wat uiteindelik alles ten goede beskik. Van bedelaars, eisers of misdadigers word hulle mense wat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar dat hulle die beste gebruik moet maak van elke geleentheid. Sonder die "vernuwing van denke" (Rom 12:1-2) is barmhartigheidsdiens, welsynswerk en meelewing blote (dikwels noodsaaklike) noodhulp, maar nie werklike oplossings nie.

Stemreg wat reg beoefen word, kan 'n party of partye aan bewind plaas wat die strukturele veranderinge kan invoer wat noodsaaklik is vir die ekonomiese ontwikkeling van ons land, sodat werk geskep, welvaart vir almal moontlik word en daar hoop is vir 'n spoedige oplossing van die bestaande katastrofes. Ongelukkig is die huidige beleid (hoofsaaklik onder dwang van COSATU en die SAKP)


bloot daarop gemik om dié wat werk het, uitermate te beskerm, maar die massas werkloos tot gevangenes van daardie staat te veroordeel. Waar in 'n derde-wêreldsituasie het so 'n beleid gelei tot die massale investering wat die ekonomiese groei moontlik maak wat die enigste antwoord is op die nood van "die massas"? Ek weet wel van talle voorbeelde waar 'n beleid van vrye onderneming die strukture geskep het waardeur "die massas" spoedig tot voorspoed gelei is. Daarom is dit, soos Hans Moes sê, elkeen se roeping om nie "stom" te bly nie, maar te "stem". In situasies soos Ruard beskryf, word stemreg vir elke Christen verander na stemplig.

Waar ek my kruisie trek, is ten diepste godsdiens: "Wat julle ook al doen, ... doen alles tot verheerliking van God" (1 Kor 10:31).

DC Coetsee

REAKSIE : "The Shack"

Reaksie



"Young skryf uitstekend! 'n Verrassende verhaal, deurtrek met verfrissende waarhede. 'n

Briljante storielyn wat 'n kaleidoskoop van onderwerpe aanspreek. 'n Topverkoper! Fiksie. Met 'n fikse klomp werklikheid." So begin die resensie in *Kompas* April 2009. Dan volg die verhaal.

Die nodige kritiek kom ook, maar nadat eers gesê is dat "die verhaal ons wel die regte pad wys waar ons met ons vrae moet

heengaan." Hiermee het ek baie moeite. Die bespotting van die heilige Drie-enige God is te groot om dit te mag sê. En die Almagtige word nie bekend gemaak soos ons in die Heilige Skrif kan lees nie. Die boek besoedel 'n mens se hart. So mag 'n mens nie oor God skryf nie, en seker nie fiksie nie. 'n Valse profeet is hier aan die woord.

Inderdaad kom verwarring, vrees soos Marlene opmerk, uit die boek jou teen. Is dit nie die verleiding van Satan wat twyfel wil saai nie? Is dit nie 'n boek wat die Christendom belaglik wil maak nie?

Die subtiële manier waarop die waarheid verdraai word? Verpak in 'n klomp werklikheid? Presies dit is die gevaar. Geniaal geskryf. Maar tog moet ons sê: so 'n boek behoort 'n Christen nie te lees nie.

Die Boek van Wysheid leer ons anders, al is dit nie die wysheid wat die wêreld vandag aanbied en waaraan jong mense blootgestel word nie.

Ek wil eindig met 'n aanhaling: "My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Bewaak jou hart meer as alles

wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe. Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe." Spreuke 4: 20-24

Hans Snijder is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg

ADVERTENSIES

 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-548-0126
of epos willie@hurterspies.co.za

 **On the Balcony**

selsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk



selsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/kleinsteel/
of kontak ons:
kleinsteel@telkomsa.net
telnr 021 919-4755
Kees en Joke Begemann

KOMPAS

Weet u van iemand wat dalk sal belangstel om KOMPAS te lees?

Stuur asb vir ons die besonderhede vir 'n gratis 3 maande toesending

Posbus 23931, Gezina, 0084
Kompas.admin@vgk.org.za

U kan die administrasie van

KOMPAS

ook kontak vir:

- geskenkbewyse
- nuwe intekeninge
- geskenk-intekeninge
- advertensies

Boekenuus

Let's Study-reeks:

Hierdie reeks verduidelik die boodskap van die Skrif en maak dit prakties. Alhoewel dit nie 'n tegniese kommentaar is nie, is dit tog 'n uitgebreide verklaring. Om die Bybel te verstaan en toe te pas in jou lewe is die hoofdoel van hierdie reeks verklarings. Die volgende Bybelboeke is beskikbaar: Mark, John, Acts, 1 & 2 Corinthians, Galations, Philipians, 1 & 2 Thessalonians, Hebrews, 1 Peter, Revelation.

Die Tien Gebooie deur Prof PJ de Bruyn (R150.00)

In hierdie boek word 'n verskeidenheid etiese probleme bespreek aan die hand van die Tien Gebooie. By elkeen van die gebooie word eers aangedui wat die inhoud en betekenis van die gebod is en daarna hoe dit op die verskillende etiese vraagstukke van toepassing is. Aan die begin is daar twee hoofstukke ter inleiding waarin besin word oor sake soos gewete, die kenmerke van die Tien Gebooie en die probleem van botsing van pligte. Die boek word afgesluit met 'n hoofstuk oor die gesindheid waarin die gebooie onderhou moet word.

Woorden van waarde II; Kernbegrippen van het geloof deur Ds Egbert Brink e.a. (R140)

Hierdie Bybelstudie gaan oor die daaglikse geloof in ons lewe. Elke dag maak ons keuses en besef ons dat om vir God keuses te maak, ingrypende gevolge het. In hierdie Bybelstudie kom verkillende vrae na vore:

- Hoe opreg is ons geloof?
- Soms kan ons twyfels hê in ons geloof. Hoe gaan ons daarmee om?
- Soek ons ons sekerheid by God en verlang ons na Sy wederkoms?

Belangrike vrae om met mekaar te bespreek en oor na te dink!


Armosyn van die Kaap deur Karel Schoeman

Deel 1: Voorspel tot vestiging, 1415 - 1651 (R200.00)

Deel 2: Die wêreld van 'n slavin, 1652 - 1733 (R400.00)

Die eerste deel beskryf die aanloop tot die stigting van die verversingspos aan die Kaap onder Jan van Riebeeck in 1652. Hoofsaaklik aan die hand van eietydse bronne word die verkenningstogte van die vroeë Portugese en Nederlandse skeepsvaarders, opkoms van atlantiese slawehandel, stigting van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en die opbloeie van Nederland in die sewentiende eeu op kleurrike en lewendige wyse uitgebeeld, en die ontwikkeling beskryf wat gelei het tot die uitsending van Van Riebeeck en sy geselskap aan die einde van 1651.

In deel 2 word die ontstaan en aard van die nuwe volksplanting aan die Kaap in al sy fasette belig met besondere aandag vir individuele lede van die verskillende bevolkingsgroepe: amptenare, vryburgers, vryswartes, vroue, Oosterse ballinge, slawe, bandiete en Khoikhoi. Veral die wêreld van die slawe waarin Armosyn van die Kaap gebore is, geniet aandag. Besondere aandag word geskenk aan die slawe wat so vroeg as 1653 reeds deel van die veelrassige samelewing uitgemaak het en vanaf 1658 sistematies in groot getalle ingevoer en verhandel is. Sentraal hierby is die lewe van die Kompanjieslavin en vryswartin Armosyn van die Kaap en haar nasate, sowel vry as onvry.



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)

Irene van der Meer

Laseandralaan 115

0186 Mōregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@telkomsa.net

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:

Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
Shammah 26, Theunistr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
dskleijn@vgk.org.za
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
magagula@telkomsa.net
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds P Nel :**
Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186; tel 012 331-0931 /
dsnel@vgk.org.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /
emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
dmbuersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
jmhlanga@vgkmaranata.org.za